# Voëlberinging kan gevaarlik wees

Dawie de Swardt

Wanneer ek nette oprig om voëls te vang, is my doelgroep gewoonlik Jangroentjies (= Malachite Sunbird *Nectarinia famosa*) en ander middelslag voëls. Tydens 'n onlangse besoek aan Ficksburg was dit egter 'n ander storie.
Aangesien die klein veldaalwyntjies gedurende September blom, het ek dié keer my nette in die rantjies opgerig. Van Woensdag af was ek op my pos, wat ek al vir die afgelope vyf jaar besoek. Ek het vyf Jangroentjies gevang, maar Donderdag het ek moedeloos uur na uur na leë nette gestap. 'n Groot skok het vir my gewag in een van my nuwe, sterker nette - 'n Edelvalk ('n roofvoël vir die wat nie weet nie!) het vermoedelik 'n duif gejaag en is in die proses in my net gevang!
Wel, ek moet die voël uit die net kry (hulle weeg ±600 g) en ek is daarby nog alleen ook! Roofvoëls se gevaarlikste wapen is hulle skerp kloue en ek weet dat ek hulle ten alle koste moet vermy. Met my linkerhand het ek die voël mooi om sy nek en skouers beet (dit is voordelig om groot hande te hê) en begin sy pote uit die net losmaak. Natuurlik blaas hy vir my, maar ek is in ekstase oor my groot vangs! Na 'n gesukkel het ek die valk uit die net en moet na my ringplek beweeg om hom te bering. Dit is natuurlik 'n ring-"lifer" vir my en dit gaan enige ander beringer groen maak van jaloesie. Eintlik vang 'n mens roofvoëls met 'n Balcatri-strik. Dit is spesifiek ontwerp om roofvoëls te vang.
Toe doen ek natuurlik die verkeerde ding. Aangesien ek die voël in my linkerhand het, probeer ek met my ander hand 'n houvas op sy pote kry. Toe gryp hy my! Dit lyk of sy oopgesperde pote na iets in die lug soek, en sy kloue sink in my vingers in! Nou het ek 'n probleem. Vir geen geld ter wêreld gaan ek die voël vrylaat nie, maar ek moet my vingers loskry! En 'n mens het net twee hande. Gelukkig het ek tande ook (ek gebruik my tande baie, bv. om toue en nette vas te hou) en ek probeer desperaat om my vingers te bevry, net sodat sy andere poot my ken vasgry! (Stel jou voor - ek hou die voël vas en hy vir my! - een moet los!).
Na 'n stryd waarin ek die valk met my knie op die grond vasgedruk het, is my ken en my vingers bevry. My 800 m se stap na OB 46609 het soos 'n uur gevoel en ek kon net die ring 779501 aan sy poot sit en hom laat vlieg! Ek kon nie eers 'n foto neem van die pragtige voël nie.
Na die ondervinding het ek tot die gevolgtrekking gekom dat 'n mens ENIGE voël in jou nette kan verwag, veral noudat SAFRING baie duursame nette versaf, en dat 'n mens voorbereid moet wees vir so 'n groot vangs!

*Naschrift Rob Bijlsma:* Dit verhaal stond in Safring News 24 (1995), pagina 83-84. Het beschrijft op onnavolgbare wijze (in het Zuidafrikaans) de toevalsvangst van een Lannervalk. Duidelijk is dat valken geen doetjes zijn! Ik kan hierover meepraten, omdat ik samen met Bennie van den Brink, Frank de Roder en Kees Terpstra in januari 1995 in Botswana tijdens het vangen van zwaluwen vijf Roodnekval-

ken *Falco chicquera* heb gevangen (qua grootte tussen Smelleken en Lanner inzittend). Ook dat was geen onverdeeld genoegen. Niet alleen klauwden de valken zich direct in mijn handen vast, bovendien probeerden ze met hun snavel stukken vlees van mijn hand te trekken. En met zo'n valkentand wil dat aardig lukken! Kortom, petje af voor Dawie, die in zijn eentje die Lanner uiteindelijk de baas werd.



Foto: Sakervalk, het stevige broertje van de Lannervalk (Frank Clemens).